

# *Nuwe Lied Bediening*

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

## **DIE SHABBAT**

### **Les 10: HANDLEIDING OM SHABBAT TE GEDENK**

#### **Inleiding**

Gelowiges wat terugkeer na Torah as die basis van die onderrig en instruksies van 'n lewe as geregverdigde in Yeshua as Messias, en derhalwe die Shabbat steeds gedenk en afsonder (heilig), vra dikwels hoe die Shabbat op gepaste wyse moet word. Hiermee word bedoel hoe om die Shabbat op gepaste wyse te begin en hoe moet die res van die Shabbat verloop? Die doel van hierdie handleiding is 'n poging om die vraag insake hoe die Shabbat op gepaste wyse begin kan word, te antwoord.

**Dit moet egter duidelik verstaan word dat hierdie skrywe slegs 'n riglyn is van hoe die Shabbat gevier (begin) kan word. Die doel hiermee is nie om voorskriftelik te wees nie**, want daar is 'n groot mate van vryheid aangaande hoe dit gedoen kan word. Daar is nie 'n regte of verkeerde manier om die Shabbat te begin nie. Hierdie handleiding kan volledig of slegs ten dele gevolg word en is saamgestel volgens riglyne geneem uit die tradisionele wyse van die Shabbatviering (Judaïsme), maar is aangepas vir Messiaanse (Torah) Gelowiges. **Gebruik hierdie handleiding slegs as riglyne en as voorstelle vir die wyse wat jy, en jou gesin, Shabbat begin.**

Die doel van hierdie handleiding is ook nie om 'n lering te gee oor hoekom die Shabbat steeds gedenk en gewy (geheilig, afgesonder) moet word nie, want dit is in die voorafgaande lesse bespreek.

**Die Skrifte bevat geen voorskrifte oor die wyse wat Shabbat begin moet word nie.** Die heel belangrikste is om Shabbat te gedenk deur gepaste handeling, en om die dag af te sonder en dit aan YHWH te wy (te heilig) volgens Vader-God se opdrag. Die kern (hart) van Shabbat word saamgevat in Ex. 20:8 tot 11:

*Onthou die Shabbatdag, om dit afgesonderd te hou. Ses dae moet jy werk en al jou besigheid doen, maar die sewende dag is 'n Shabbat van יהוה, jou God; dan mag jy géén besigheid doen nie; nie jy of jou seun of jou dogter, of jou slaaf of jou slavin, of jou vee of jou besoeker wat by jou bly nie, want in ses dae het יהוה die hemele en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het יהוה die Shabbatdag geseën en dit afgesonder. (PWL Vertaling)*

**Onthou: Die Shabbat moet gedenk en afgesonder (geheilig, gewy) word omrede jy dit wil doen en dit derhalwe vir jou 'n vreugde is.** Dit moet nie vir jou 'n las wees of 'n wettiese ritueel word nie. Dit is nie die bedoeling van Shabbat nie!! Shabbat is deel van YHVH se feesdae, naamlik Sy afspraak (Bestemde Tye) met die mens (Lev. 23:1 tot 3). Beskou dit as 'n dag wat die Bruidegom spesiaal opsy sit vir Sy bruid.

Shabbat het dus alles te doen met jou hartsgesindheid! Dit gaan alles oor liefde vir YHVH en jou naaste. Gehoorsaamheid aan hierdie opdrag, naamlik aan die vierde gebod, hou egter groot seën in. Die profeet Jesaja bevestig dit soos volg:

*As jy jou voet terughou van die Shabbat – om nie jou sake op my afgesonderde (heilige) dag te doen nie, en as jy die Shabbat 'n verlustiging noem en die afgesonderde dag van YHVH hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in YHVH, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van YHVH het dit gespreek. Jes. 58:13 en 14.*

Die Shabbat begin teen sonder op Vrydagaand en duur tot sonder Saterdagagaand. Sommige begin die Shabbat deur die shofar (ramshoring) te blaas.

## **DIE VOLGORDE (LITURGIE) VAN DIE SHABBATVIERING**

### **1. AANSTEEK VAN KERSE**

Met die aanvang van die Shabbat word twee kerse aangesteek, gewoonlik deur die moeder van die huisgesin, en is simbolies van:

- ❖ Gedenk en heilig (afsonder, toewy) die Shabbat.
- ❖ Yeshua is die Lig en ons is die lig in en deur Hom (Ons 'weerkaats' Sy lig)

[Sommige is egter van mening dat die aansteek van kerse van Babiloniese oorsprong is, en daarom word dit nie gedoen nie.]

## 2. SHABBATSEËN

Die Shabbat begin dan met die Shabbatseën wat gewoonlik ook deur die moeder uitgespreek word, maar ook deur die vader gespreek kan word.

*Geseënd is U, YHVH (Yahuah) ons God (Elohiem) en Vader, Skepper en Koning van die hemel en die aarde en alles wat daarin is. U sonder ons af (heilig ons) deur U Torah en het ons beveel om die Shabbat te gedenk en dit af te sonder (te heilig). U het vir ons Yeshua Messias gegee wat die Lig van die wêreld en die Lig op ons pad is, sodat ons deur Hom en in Hom die lig vir die nasies kan wees.*

## 3. SKRIFLESING

Die Vader lees 'n Skrifgedeelte wat betrekking het op die Shabbat, soos byvoorbeeld een of meer van die volgende:

- ❖ Gen. 2:1 tot 3
- ❖ Ex. 16:23 tot 25
- ❖ Ex. 20:8 tot 11
- ❖ Ex. 31:14 tot 17
- ❖ Lev. 23:3
- ❖ Num. 15:32 tot 36
- ❖ Deut. 5:14
- ❖ Psalm 92 – 'n Lied vir die Shabbatdag.

Die Skriflesing kan ook voor die aansteek van die kerse, of in die plek van die aansteek van die kerse, geskied.

## 4. BELYDENIS.

Die hele gesin bely dan hardop saam die volgende:

*Hoor, Israel! YHVH is ons Elohiem; YHVH is een (Deut. 6:4); Sy Koninkryk is vir ewig en Yeshua is ons Messias en Hy is Meester (Heer).*

*Heilig, heilig, heilig (afgesonder x 3) is die YHVH van die leërskaare. Die hele aarde is van Sy heerlikheid vol! (Jes. 6:3).*

*Mag Hy (YHVH) wat vrede en vreugde is, ons Sy vrede en vreugde in Yeshua gee en ook die vrede en vreugde van Israel wees.*

Hierna sal elkeen mekaar die volgende toewens:

*Shabbat Shalom!*

**Nota:** Shalom beteken: vrede, kalmte, gerustheid, sekerheid, veiligheid, welsyn, behaaglikheid, welstand, tevredenheid, sukses, vertroosting, gerusstelling, gesondheid, heilsaamheid en integriteit.

Dit is ook gepas om die volgende uit Psalm 89 (verse 9 tot 17) te lees, want wanneer ons Shabbat gedenk dan word ons ook herinner aan die skepping. Elke Shabbat is 'n getuienis en bevestiging dat YHVH die hemel en die aarde in ses dae geskape het en op die sewende dag gerus het. 'n Verwerkte weergawe van Ps. 98:9 tot 17 is die volgende:

*YHVH, Elohiem van die leërskare, wie is soos U? Grootmagtig is U, o Yah, en u trou is rondom U! U heers oor die trotsheid van die see; as sy golwe hulle verhef, bring U hulle tot bedaring. Aan U behoort die hemele, aan U ook die aarde; die wêreld en sy volheid – U het dit gegrond. Die noorde en die suide – U het dit geskape; U het 'n arm met mag; u hand is sterk, u regterhand verhewe. Geregtigheid en reg is die grondslag van u troon; goedertierenheid en trou gaan voor u aangesig uit. Geseënd is die volk wat die geklank ken; o YHVH, hulle wandel in die lig van u aangesig. In u Naam juig hulle die hele dag, en deur u geregtigheid word hulle verhef.*

## 5. SEËN- EN DANKGEBED VIR YESHUA MESSIAS

Die vader spreek die volgende dank- en seëngebed vir die genade van YHVH wat hy in en deur Yeshua aan ons geskenk het.

*Geseënd is U, YHVH ons Elohiem en Vader, Skepper en Koning van die hemel en die aarde en alles wat daarin is. Ons dank u dat u vir ons deur u genade Yeshua Messias geskenk het wat die weg, die waarheid en die lewe is.*

## 6. SEËNGEBEDE VIR DIE GESIN

### 6.1. SEËNGEBED VIR EGGENOTE

Die vader (eggenoot) spreek die volgende dank- en seëngebed, gebaseer op Spr. 31:10 tot 31, oor sy vrou uit:

*Dankie Abba YHVH vir 'n deugsame vrou op wie ek kan vertrou en wat 'n aanwinst vir my en ons kinders is. Dankie dat sy aan my goed doen al die dae van haar lewe en dat sy omsien na ons behoeftes met liefde en sorg. Dankie dat daar wysheid in haar mond en vriendelike onderrig op haar tong is. Dankie vir 'n vrou wat U vrees en U met toegewyde ywer dien. Omdat sy U vrees sal ons haar prys. Laat sterkte en eer haar daaglikse kleed wees. Gee haar die sekerheid en geloof dat sy kan lag oor die dag wat kom. Gee dat sy die vrug van haar werke sal geniet. Seën haar met krag en gesondheid. Bewaar haar onder U vleuels.*

## 6.2. SEËNGEBED VIR DIE EGGENOOT

Die moeder (eggenote) spreek die volgende seëngebed, gebasseer op Psalm 1:1 tot 3 oor haar man (eggenoot) uit:

*Dankie Vader-God vir 'n man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; maar wat sy behae vind in U Torah en wat dit dag en nag oordink. Dankie Vader dat hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie. Dankie dat U hom seën sodat hy voorspoedig is in alles wat hy doen.*

## 6.3. SEËNGEBED VIR DIE KINDERS:

Die vader (of die vader en moeder gesamentlik) spreek dan eerstens 'n seëngebed oor die seuns (en kleinseuns) en dan oor die dogters (en kleindogters) uit. Hierdie seëngebede word dan gevolg deur 'n seëngebed waar die kinders gesamentlik geseën word volgens Num. 6:24 tot 26. Alternatiewelik word al die kinders en kleinkinders slegs volgens Num. 6:24 tot 26 geseën.

### 6.3.1. Seëngebed vir die seuns en kleinseuns (gebaseer op Gen. 48:16 en 20).

*Mag YHVH (Yahuah) jou seën, en mag deur jou die naam van jou vader en die naam van Abraham, Isak en Jakob genoem word, en mag jy vermeerder in die land in menigte. Mag YHVH jou maak om te wees soos Efraim en soos Manasse! Mag YHVH altyd met jou wees en jou seën met 'n lang lewe. Mag Hy jou jou seën met wysheid en die vermoë om 'n goeie man vir jou vrou en 'n goeie vader vir jou kinders te wees. Mag Hy vir jou 'n vrou gee wat toegewy aan YHVH en aan jou en jou kinders sal wees. Mag YHVH jou bewaarder wees en jou met Sy Gees vul.*

Notas:

- ❖ Indien die seun(s) teenwoordig is kan die vader elke seun afsonderlik met olie salf en seën deur handoplegging terwyl hierdie seën uitgespreek word. Indien die seun(s) nie meer in die huis is nie, kan hierdie seëngebed steeds vir elke seun gebid word.
- ❖ Efraim en Manasse word as rolmodelle beskou van broers wat nie onderling getwis het soos Kain en Abel, Jakob en Essau,

asook Josef en sy broers nie. Efraim en Manasse was verenig in hulle strewe om goeie werke te doen.

### 6.3.2. **Seëngebed vir die dogters en kleindogters.**

*Mag YHVH (Yahuah) jou maak om te wees soos Sarah, Rebekka, Ragel en Lea. Mag YHVH altyd met jou wees en jou seën met 'n lang lewe. Mag Hy jou seën met wysheid en die vermoë om 'n goeie vrou vir jou man en 'n goeie moeder vir jou kinders te wees. Mag YHVH vir jou 'n man gee wat vir jou lief sal wees soos Yeshua die uitgeroepenes (kerk) liefhet en 'n man wat aan Elohiem, asook aan jou en jou kinders toegewy sal wees. Mag YHVH jou seën en jou bewaarder wees en jou met Sy Gees vul.*

Notas:

- ❖ Indien die dogter(s) teenwoordig is kan die vader elke dogter afsonderlik met olie salf en seën deur handoplegging terwyl hierdie seën uitgespreek word. Indien die dogter(s) nie meer in die huis is nie, kan hierdie seëngebed steeds vir elke dogter gebid word.
- ❖ Die lewens van Sarah, Rebekka, Ragel en Lea het hoedanighede getoon wat van hulle rolmodelle gemaak het en die titel van ware matriarge verdien. Hoewel elkeen van hulle moeilike tye en beproewinge moes deurstaan, het hulle as geregverdigdes getrou aan YHVH en aan hulle mans gebly en sodoende 'n bydrae gelewer tot die volk van YHVH.

### 6.3.3. **Gesamentlike seëngebed vir die kinders gebaseer op Num. 6:24 tot 26:**

*YHVH(Yahuah) sal jou seën en jou behoed; YHVH sal Sy aangesig oor jou laat skyn en jou goedgunstig wees; YHVH sal Sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee; Sy vrede wat alle verstand te bowe gaan en wat alleenlik in Yeshua Messias te vinde is.*

## 7. **DIE VERBONDSHERDENKING**

Die Shabbat is 'n ewige teken dat ons sal weet dat YHVH ons God is (Ex. 31:17; Eseg. 20:12 en 20). Dit is ook 'n teken wat ons van die res van die wêreld onderskei, want dit is die teken sodat die mense kan weet dat dit YHVH is wat ons afsonder (heilig, uitroep, *set-apart*) (Ex. 31:13). Daarom herinner die Shabbat ons aan die ewige verbond van YHVH, ons Vader, en van Sy genade voorsiening in Yeshua Messias.

Die tekens van 'n verbond is die brood en die wyn en daarom word daar verwys na die verbondsmaaltyd. Die brood verteenwoordig voorsiening in alle behoeftes en die wyn verteenwoordig lewe. Deur saam brood te breek en wyn te drink word ons herinner aan die voorsiening deur Yeshua Messias in al ons behoeftes van gees, siel en liggaam. Die wyn is 'n herinnering aan die kosbare bloed van Yeshua Messias waarmee die verbond verseël is en wat die vergifnis van ons sondes simboliseer.

Die breek van brood en die drink van wyn is ook 'n herinnering aan die verbond wat ons met mekaar het.

- 7.1. Die vader neem die brood (matzah – ongesuurde brood), breek dit en gee aan elkeen 'n stukkie en spreek die volgende seëngebed uit alvorens elkeen daarvan eet.

*Geseënd is U YHVH, ons Vader-God, wat vir ons Yeshua Messias gegee het wat die Brood van die Lewe is en in wie en deur wie daar in al ons behoeftes van gees, siel en liggaam voorsien is en voorsien sal word.*

- 7.2. Elkeen neem sy glas met wyn (druiwesap) en die vader spreek die volgende seëngebed uit voor almal daarvan drink.

*Geseënd is U YHVH, ons Vader-God, wat vir ons Yeshua Messias gegee het as eenmalige offer deur wie se kosbare bloed ons vergifnis vir sondes ontvang het sowel as versoening met U volgens U ewige verbond.*

Die Shabbat is nou op gepaste wyse begin. Die gesin (en familie en vriende) eet en kuier nou gesellig saam. Die maaltyd kan opgevolg word deur die lees en bespreking van die toepaslike Torah Skriflesings (*Parashah*) vir die bepaalde Shabbat, hoewel dit meestal tot die volgende oggend (Shabbatsoggend) oorstaan.

### **Ten Slotte:**

Hoewel dit aan te beveel is om elke Shabbat op gepaste wyse te begin is die belangrikste om Shabbat te gedenk en dit af te sonder om soveel as moontlik tyd deur te bring in die bestudering van die Skrifte. Daarom volg gelowiges wat Shabbat gedenk die eeu-oue gebruik waar daar weekliks op Shabbat 'n gedeelte van die Torah (die eerste vyf boeke van die Skrifte) gelees en bespreek word. Hierdie bespreking geskied egter aan die hand van die hele Skrif (ou- en nuwe tesament). Hierdie leesprogram (*Torah Parsha; Torah Skriflesings, Torah Portions*) is ook in die tyd van Yeshua Messias gevolg.

Hoekom volg al hoe meer gelowiges hierdie gebruik? Die rede is dat al meer besef dat ons die wilde olyftak is wat op die ware olyfboom ingeënt is (Lees Romeine 11). Daarom is daar 'n soeke na begrip van die Hebreuse wortels (verbintenis) van ons geloof. Ons Messias was immers 'n Jood en Sy eerste volgeling was Jode wat hulle geloof op Torah en die ou testamentiese Skrifte gebaseer het.

Die hoofdoel van die weeklikse Torah Skriflesings, en die bespreking daarvan, is dan juis om Yeshua Messias in Torah te ontdek en in die proses ook die Hebreuse wortels van ons geloof. Hierdie "ontdekkingsreis" geskied aan die hand van kommentaar en verduideliking van die weeklikse Torah Skriflesing. Die kommentaar en verduideliking is deur Messiaanse Torah-kenners wat goed onderig is in Hebreus, asook in die kultuur en tradisies van die destydse en hedendaagse Jode. Soveel van Yeshua se lering word eers werklik duidelik indien 'n mens daardie agtergrond verstaan. Ons moet altyd onthou dat die Messias die Torah in lewende lywe is en dat ons redding deur die Jode gekom het (Joh. 4:22).

Daarom wil ons elkeen aanmoedig om aan te sluit by ons Torah-Klub. Meer inligting in die verband kan verky word op ons webblad by <http://www.nuwelied.info> by die afdeling Torah-Klub. Daar is geen kostes aan verbonde nie.

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shalom.  
Johan Kriel

Epos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*

-0-0-0-0-0-0-0-